SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 7 AUGUSTUS 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die Nuus vandag:

DIE SARL HF FOON KOMPETISIE VANMIDDAG

GEE TERUG AAN DIE KLUBS

en

DIE SARL JD QSO PARTYTJIE OP DINSDAG 9 AUGUSTUS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin die bulletin met nuus van 'n stil sleutel.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Rod Radford, ZS5RK/ZL1RK stil geword het op Donderdag 4 Augustus 2022. Ons betuig ons innige meegevoel aan sy vrou Rose, ZS5RR; Don, ZS5DR en die familie in Neu Seeland en Suid-Afrika.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE SARL HF FOON KOMPETISIE VANMIDDAG

Die SARL HF Foon kompetisie sal vanmiddag van 14:00 tot 17:00 UTC op die lug wees, die aktiwiteit is oor drie periodes versprei – 20 m tussen 14:00 tot 14:30 UTC, 40 m tussen 15:00 tot 16 :00 UTC en 80 m tussen 16:30 tot 17:00 UTC. Die 20 m frekwensie segment is korrek in die Blou Boek – dit is al meer as 20 jaar so. Jy kan kies uit vier kategorieë van deelname. JD en Jeug deelnemers word gevra om hul logstate met JD of Jeug te merk. As jy die RAE in Oktober 2021 of Mei 2022 geskryf het, voeg asseblief jou eksamen datum by op jou logstaat. Al die inligting is op bladsy 62 van die 2022 SARL-Kompetisiehandleiding, lees asseblief die reëls voor die kompetisie en kyk na die Algemene Reëls vir wat 'n enkele operateur en multi-operateur is. Moenie net punte weggee nie, dien jou logstaat in!

DIE NARS IS OP MAANDAG EN WOENSDAG GESLUIT

Kelley Dorey het die SARL Nuusspan ingelig dat die Nasionale Amateurradiosentrum gesluit sal wees op Maandag 8 en Woensdag 10 Augustus. Die kantoor sal Donderdag 11 Augustus weer oop wees.

GEE TERUG AAN DIE KLUBS

Tydens die Raadsvergadering op 19 Julie is twee versoeke vir fondse van die Klub-skema (Mosie 2022-05 van die 2022 AJV) bespreek. Die Secunda ARK sal in November vir hul Lesotho DXpedisie ondersteun word en Bernie, ZS4TX sal in Augustus vir die D2TX EME DXpedisie na Angola ondersteun word.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

KOMPETISIE NUUS

Die tweede been van die SARL JD QSO-partytjie duur van 12:00 tot 13:00 UTC op Dinsdag 9 Augustus - Vrouedag. Die uitruiling is 'n RS(T)-verslag en JD of OM. Dit is 'n GG en foon QSO Partytjie op die 40-meter band. Kontakte tussen JD-stasies is 6 punte werd; tussen JD- en OM-stasies is 3 punte werd en tussen OM-stasies is 1 punt werd. Logstate in ADIF, Cabrillo of MS Excel moet teen 21:59 UTC op Sondag 14 Augustus 2022 per e-pos aan zs3vdk@webmail.co.za gestuur word.

Die tweede been van die SARL Jeug QSO Partytjie sal vanaf 12:00 tot 13:00 UTC op Saterdag 13 Augustus duur, ter viering van Internasionale Jeugdag op 12 Augustus. Dit is 'n GG en foon QSO Partytjie op die 40-meter band en die uitruiling is 'n RS(T) verslag en die operateur se ouderdom. Kontakte tussen stasies 26 en jonger is 5 punte werd, tussen stasies onder 26 en ouer as 26 is 2 punte werd en tussen stasies 27 en ouer is 1 punt werd. Dien jou logstaat in ADIF, Cabrillo of MS Excel teen 21:59 UTC op Donderdag 18 Augustus 2022 in per e-pos na zs3vdk@webmail.co.za. Die ouderdom van die operateur moet op die opsommingsblad getoon word.

Die SARL HF Digitale kompetisie sal op Sondag 14 Augustus van 14:00 tot 17:00 UTC op die lug wees, die aktiwiteit is oor drie periodes versprei – 20 m tussen 14:00 tot 14:30 UTC, 40 m tussen 15:00 tot 16:00 UTC en 80 m tussen 16:30 tot 17:00 UTC.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar 4 sonvlekke met eenvoudige magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n lae waarskynlikheid vir die voorkoms van C-klas fakkels en 'n baie lae moontlikheid van M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 52 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

Vanmiddag – die SARL HF Foon kompetisie

8 Augustus – 'n skoolvakansie

9 Augustus – Vrouedag en die SARL JD QSO Partytjie

12 Augustus – Internasionale Jeugdag

12 en 13 Augustus – die Perseïde-meteoorreën

13 Augustus – die SARL Jeug QSO Partytjie

14 Augustus – die SARL HF Digitale kompetisie

20 en 21 Augustus – die Internasionale Vuurtoring- en Ligskip-naweek

27 Augustus – die SARL 40m Klub kompetisie

28 Augustus - die SARL HF GG kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die SARL HF Foon kompetisie sal vanmiddag van 14:00 tot 17:00 UTC op die lug wees, die aktiwiteit is oor drie periodes versprei – 20 m tussen 14:00 tot 14:30 UTC, 40 m tussen 15:00 tot 16 :00 UTC en 80 m tussen 16:30 tot 17:00 UTC. Al die inligting is op bladsy 62 van die 2022 SARL-Kompetisiehandleiding, lees asseblief die reëls voor die kompetisie.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Ons nooi klubs en individue uit om nuusitems van belang aan radioamateurs en kortgolfluisteraars in beide Engels en Afrikaans in te stuur, indien moontlik, deur die 'News Inbox'-skakel op die Suid-Afrikaanse Radioliga-webblad te volg. Nuusitems wat in die bulletin ingesluit moet word, moet die Nuusspan nie later nie as die Vrydag voor die bulletin datum bereik.

Jy is welkom om elke Sondagoggend by ons aan te sluit vir die weeklikse radio-program, "Amateur Radio Today" om 10:00 SAT. Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n heruitsending deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons verwelkom jou seinverslae, kommentaar en voorstelle; stuur dit asseblief per e-pos na artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZR6BP, geproeflees deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die Nuusspan, beste wense vir die week wat voorlê.